
# BYBELSTUDIE

## WEN DIE OORLOG OP DIE SLAGVELD AGTER JOU ORE…



### VERVANG JOU GEDAGTES…

### VOORBEREIDING

Kyk weer na die boodskap wat Jimmy gedeel het op die Livestream van die afgelope Sondag. Hier is die skakel: Video: [https://fb.watch/48bStbjkJ7/](https://fb.watch/48bStbjkJ7/)

Klankbaan: [https://soundcloud.com/nhk-witfontein/20210307-wen-die-oorlog-op-die-slagveld-tussen-jou-ore-jimmy-manders-fb56](https://soundcloud.com/nhk-witfontein/20210307-wen-die-oorlog-op-die-slagveld-tussen-jou-ore-jimmy-manders-fb56)

### YSBREKER

Is daar 'n lied wat baie gereeld in jou kop opkom en dan loop jy en sing dit die heel dag lank? Hoekom dink jy kom die lied so gereeld op in jou gedagtes?

### SKRIFGEDEELTES OM TE BESTUDEER

2 Korintiërs 10:3-5

Spreuke 4:23

2 Petrus 1:3

Romeine 12:2

### BESPREKINGSVRAE

a. Ons elkeen het 'n KOGNITIEWE VOOROORDEEL – in Afrikaans beteken dit dat jou en my brein het verwronge FILTERS gebaseer op vorige ervaringe wat ons gehad het. Watter kognitiewe vooroordele mag jy dalk hê? Watter FILTERS is in jou brein? Hoe kan jy hierdie vooroordeel konfronteer en korrigeer?

b. Dink aan 'n tyd toe jy gespook en spartlke het met ANGSTIGHEID of TOKSIESE gedagtes. Wat het jy uit die ervaring geleer – positief & negatief?
c. **Ons lewens beweeg altyd in die RIGTING van ons sterkste gedagtes.** Waarheen dink jy is jou lewe op pad heen, as jy jou antwoord moet baseer op jou gedagtes TANS? Is daar enige iets wat jy graag sou wou verander aan jou bestemming waarheen jy op pad is met jou gedagtes?
d. Watter VESTING jou jou tans terug in jou gedahtes? Watter negatiewe stelling dink jy of sê jy van jouself en hoe beïnvloed dit jou?
e. Watter WAARHEID vernietig hierdie VESTING wat jou tans wil terughou? Hoe kan jy die negatiewe stelling oor jouself met WAARHEID uit die Bybel vervang?
f. Is jy soos die Olifant in die gelykenis van die olifant en die tou wat dalk opgesluit is in jou gedagtes agter 'n toe deur?
g. Lees Romeine 12:2. Hoe sou dit luk as jy jou GEDAGTES elke liewe dag jmoes vernuwe?
h. HUISWERK: Gaan skryf 'n WAARHEIDSVERKLARING oor jouself en jou lewe wat juis daarop gemik sal wees op enige leuen in jou lewe te besweer en aan te val. Commit dan om hierdie waarheidsverklaring vir 30 dae vir jouself te lees.

   (Wanneer jy met die PROSES begin om saam met God deur die werk van sy Gees jou gedagtes te vernuwe, voel dit soos 'n leuen,omdat jy 'n waarheid verklaar wat jou gedagtes nog nie self wil glo nie. Maar hou aan, tot jy dit glo.)

## GEBED

Vader in die hemel, wys asseblief aan my die leuens wat ek van myself glo, selfs van die leuens wat ander vir my wil wysmaak as die waarheid, of wys vir my asseblief wat U waarlik van my sê en dink. Help my om enige leuen in my lewe te VERANDER en te VERVANG met 'n lewensveranderende TRANSFORMERENDE & GENESENDE WAARHEID. Vernuwe my gedagtes, o Heer! Transformeer my verstand & gedagtes. En maak my al meer soos U, vandag en elke dag van my lewe. In Jesus se Naam bid ons dit.

Amen

